



17 Augustus 2021

LARDIES GOT TALENT

Geagte Ouers

Ons jaarlikse fondsinsamelingsprojek, die Lardie Familiefees, kan ongelukkig nie meer vanjaar plaasvind nie en ons kultuur het ook 'n slegte knou gekry a.g.v. Covid-19. Graag stel ons 'n opwindende fondsinsamelingsprojek vir kwartaal 3 aan u bekend nl. Lardies Got Talent!

Ons Lardies het ongelooflike talent en ons wil graag die leerders die geleentheid gee om te spog met hulle talente en om daarmee saam groot pryse te wen. Ons gaan 'n Lardie aanlyn talent kompetisie hou, waar elke leerder die geleentheid kry om vir 'n item in te skryf om hulle talente ten toon te stel!

AFDELINGS

- Geen voorgeskrewe werke word gegee nie, alles is eie keuse. Maksimum tydsduur 3 min.
- Drama: Poësie; Gedramatiseerde Poësie; Prosa; Gedramatiseerde Prosa; Monoloog; Mimiek; Oop. Tydsduur 1 - 3 min.
- Musiek: Vokaal; Instrumentaal. Maksimum 2 min,
- Dans: Ballet; Moderne dans; Oop. Tydsduur 2 - 3 min.
- Beeldende kuns: Eie keuse medium
- Oop afdeling: Enige besondere talent. Tydsduur 1 - 3 min.

INSKRYWINGS, OPLAAI VAN OPNAMES EN BETALING PROSEDURES

- Leerders wat wil inskryf vir die Lardies Got Talent kompetisie moet sy/haar eie YouTube kanaal skep. Indien 'n familielid alreeds 'n YouTube kanaal het mag dit wel gebruik word vir die leerder wat wil inskryf. Sien die instruksies aangeheg oor hoe om jou eie YouTube kanaal te stig.
- Deelnemers maak 'n tuis video opname en laai dit op die YouTube kanaal. Die betrokke video sal sy eie unieke URL skakel genereer, wat benodig word tydens inskrywing.
- Maak asseblief seker dat die video as UNPUBLISHED op die YouTube kanaal gelaai word. Indien u dit nie so doen nie sal die betrokke video vir die publiek beskikbaar wees vir besigtiging. Die skool sal nie verantwoordelik gehou kan word indien ouers dit publiek maak nie.
- Die tuis video opname moet nou op die Lardies Got Talent webtuiste gelaai word. Kopieer die URL skakel en "paste" dit op inskrywingsvorm. **Dui aan op die aanlyn Inskrywingsvorm (onder "Child Full Names") LEERDER SE NAAM, VAN, GRAAD EN AFDELING.**



- Leerders mag wel vir meer as 1 kategorie inskryf, neem asb kennis dat u dan 2 aparte inskrywings op die webtuiste moet voltooi.
- Individuele sowel as groepitems word aanvaar.
- Inskrywingsfooi beloop R100 per item. Let asb daarop dat groepitems R100 per groep beloop en nie R100 per persoon nie.
- Betalings moet gemaak word tydens inskrywing.
- Die laaste dag vir inskrywings is Vrydag, 10 September 2021.

Hiermee die skakel na die Lardies Got Talent webtuiste waarop alle inskrywings, opnames, betalings en stemming plaasvind.

<https://talent.sticitt.co.za/lardies>

HOE OM TE STEM VIR MY GUNSTELING VIDEO?

Alle stemming word direk op die Lardies Got Talent webtuiste gedoen, waar die opnames van leerders besigtig kan word.

- Elke stem beloop R10 per item. Geen beperking word geplaas op die aantal stemme nie.
- Alle betalings word direk op die Webtuiste gedoen. Ouers wat reeds op die d6 Toep geregistreer is, gebruik dieselfde besonderhede. Diegene wat nie op die d6 Toep geregistreer is nie kan net hul betaling besonderhede op die webtuiste voltooi. Familie of vriende van die deelnemers wat nie die d6 Toep het nie kan steeds stem.
- Weners van die eerste rondte word op Maandag, 20 September 2021 aangekondig. Dus kan daar van Dinsdag, 21 September weer begin stem word vir die finale weners.
- Finale weners word aangekondig op Maandag, 27 September 2021.
- Weners word bepaal deur die hoeveelheid stemme en die beslissings is finaal.

KATEGORIEË (Leerders neem deel volgens die onderskeie graadgroepe)

Dui aan op die aanlyn Inskrywingsvorm (onder "Child Full Names") LEERDER SE NAAM, VAN, GRAAD EN AFDELING.

- Gr. R
- Gr. 1, 2, 3
- Gr. 4, 5
- Gr. 6, 7

TOEKENNINGS

EERSTE RONDTE

- Uit elke kategorie word daar 3 weners aangewys, volgens die meeste stemme.
- Uit die 12 weners van die 4 kategorieë word daar 'n 1e, 2e en 3e plek aangewys volgens die stemme.
- Kategorie wener ontvang: R750
- Tweede plek ontvang: R500
- Derde plek ontvang: R250



TWEEDE RONDTE

- Daar word weer gestem tussen die **4 eerste** plekke van die kategorieë om sodoende die finale 1e, 2e, 3e en 4e plekke te bepaal volgens die aantal stemme.
- Daar word ook toekennings gemaak vir die volgende:
 - Mees oorspronklike item
 - Mees vermaaklike item
- Kontantpryse met 'n trofee word toegeken vir:
 - Eerste prys : R3 000 en klein trofee
 - Tweede prys : R2 000 en klein trofee
 - Derde prys : R1 000 en klein trofee
 - Vierde prys : R 500 en klein trofee
 - Oorspronklikste item : Hamper en klein trofee
 - Vermaaklikste item : Hamper en klein trofee

Ons wil graag elke Lardie aanmoedig om deel te neem aan hierdie opwindende fondsinsameling en glo dit gaan 'n heerlike ervaring vir almal wees. Vir enige navrae kontak gerus vir Me Linström by carinah@lardies.co.za

Vriendelike Lardie-groete

**ME C LINSTRÖM
ORGANISEERDER**

**MNR T HUMAN
SKOOLHOOF**